Dawid = Anders...

Speletjie: "Dress up" stomstreke

Skud jou vere reg, ruk 'n haas uit die hoed en slyp jou tande vir die stryd. Watter stryd? Die prettige, "dress up" stomstreke natuurlik! Die spel waar jy deur te "dress up" en toneel- gebare te gebruik jou span gaan laat raai wie jy voorstel.

Wat jy benodig:

- Pen
- Strokies papier
- Kledingstukke of "props" (Groot Afrikaanse woord is rekwisiete) om jou karakter uit te beeld
- Stophorlosie of uurglas

Hoe die speletjie werk (verander moeilikheidsgraad volgens ouderdom en onthou wees kreatief!)

Die spel kan op vele manier gespeel word. Oor 'n tydperk of dadelik. (sien onderaan die alternatief) *

- Een persoon skryf 'n paar karakters (ouderdom van spelers bepaal moeilikheidsgraad en karakters) op kaartjies neer. Bv. soldaat, dokter, Dawid, rugbyspeler, Goliat, model, motorresies jaer, petroljoggie ens...
- Plaas die karakters in 'n houer en skommel.
- Deel die gesin in 2 spanne.
- Plaas 'n paar kledingstukke en ander items op 'n tafel 'n entjie vanwaar die spel gespeel word.
- Een deelnemer in die span trek 'n kaart uit die houer. Die res van die deelnemers mag nie die kaart sien nie.
- Die deelnemer kies uit die items op die tafel 'n kostuum en ander benodighede wat by die karakter pas.
- Die deelnemer moet aan sy span slegs deur beweging en gebare die karakter uitbeeld.
- Geen woorde mag gebruik word nie.
- Elke deelnemer kry slegs 30 sekondes of 1 minute om die karakter uit te beeld.
- Gee 'n punt vir die korrekte antwoord.
- Indien die span nie die korrekte karakter kan raai nie, kry die ander span 'n beurt om te raai.
- Span met die meeste punte wen.

Alternatiewe vir die spel:

Elke deelnemer trek in die oggend hulle karakters en moet die hele dag beplan aan uitrustings vir die karakters. Niemand mag weet wie jou karakter is nie. Spanne word die aand gekies net voor die stomstreke gespeel word.

Om oor te dink:

- Watter karakter sou jy graag wou wees en hoekom?
- Dink jy die klere wat die karakter aanhet maak 'n verskil in hoe ons die persoon sien?
- Waarna dink jy kyk Jesus as hy die karakter sien?
- Watter karakter in die Bybel is jou gunsteling karakter?

Aktiwiteite: Innerlike eienskappe

Gee vir elke persoon in die huis 'n wit papier en wit vetkryt. Hulle moet dan op hulle papier skryf (sonder dat die ander sien wat hulle skryf) 'n innerlike eienskappe wat hulle graag in 'n vriend soek bv. vriendelikheid, "fun", eerlikheid, getrouheid, ondersteunend, lojaal ens.

Gee rooi, groen of blou voedselkleursel en kwaste (watte of sponsies kan ook gebruik word) vir almal. Verf die voedselkleursel oor die papier. Die innerlike eienskappe staan duidelik uit.

Toepassing: Ons moenie net na mense se uiterlike kyk nie, ons moet anders kyk na mense. God kyk anders na mense. Hy sien wat binne ons hart is raak.

Aktiwiteit: Ek sien jou raak....

Gee vir almal in die huis klein papiertjies of kaartjies. Elkeen skryf 'n mooi positiewe eienskappe of emoji vir 'n ander persoon in die huis daarop neer. Versteek die papiertjie iewers tydens die komende week waar jy weet die persoon gaan kyk. Bv. teen die spieël in die badkamer, langs die legkaart, op hulle bord, langs die wasbak of teen die fietsraam.

Toepassing: ons sien nie altyd die effek van 'n mooi boodskap nie, maar Jesus sien...

Bid en spreek oor jou kind